www.forumsekuriteit.co.za

FORUM
SEKURITEIT

ALGEMENE SEKURITEITSPRAKTYKE

SAKO ID: 58577: NKR-vlak 3. 124 krediete
(SAQA ID: 58577: NQF LEVEL 3. 124 CREDITS)
Opleidingsbrosjure

DOEL VAN PROGRAM

Hierdie kwalifikasie op die gebied van veiligheid in die samelewing is 'n toetreevlakkwalifikasie op die gebied van sekuriteit en is uiters belangrik om misdadige bedrywighede af te skrik en te bespeur en steun ook regeringsinisiatiewe in hierdie verband. Die bevoegdhede in hierdie kwalifikasie sal bydra tot 'n veiliger omgewing, wat nodig is vir ekonomiese ontwikkeling, finansiële investering en die ontwikkeling van sakegeleenthede.

PROGRAMUITKOMSTE

By voltooiing van hierdie program sal leerders in staat wees om:

- persele, bates, inligting en personeel te beveilig;
- met kliënte en mense te skakel;
- sekuriteitstoerusting te hanteer; en
- sekuriteitspligte binne die perke van die reg te verrig.

PROGRAMUITEENSETTING

Module 1: Patrolliesekuriteitsbeampte

Module 2: Toegangsbeheerbeampte

Module 3: Bate-en-Reaksiebeampte

DAAR WORD AANGENEEM DAT DIE VOLGENDE LEERAREAS VOLTOOI IS

Kommunikasie, NKR-vlak 2

Wiskundige Geletterdheid, NKR-vlak 2

ERKENNING VAN VOORAFLEER (EVL)

Die struktuur van hierdie kwalifikasie maak daarvoor voorsiening dat voorafleer erken word, deur die assessering van individuele eenheidstandaarde. Hierdie kwalifikasie kan dus in die geheel of gedeeltelik deur die erkenning van voorafleer behaal word, wat formele, informele en nieformele leer en werkondervinding insluit. Indien die leerder bevoegdheid in die kennis, vaardighede, waardes en houdings implisiet in hierdie kwalifikasie kan toon, sal die gepaste krediete aan die leerder toegeken word. Erkenning van voorafleer geskied deur middel van 'n geïntegreerde assessering.

OPLEIDINGSMETODOLOGIE

Duur van opleidingsprogram:

18 kontaksessies met drie portefeuljeboudae wat oor 'n tydperk van nege maande geskeduleer is. Ná evaluering van die leerder se hoogste kwalifikasie sal sessies vir die fundamentele eenheidstandaarde geskeduleer word.

Assessering:

Assessering sal met gereelde tussenpose (formatief) asook aan die einde van die studietydperke (summatief) gedoen word en sal op 'n geïntegreerde wyse aangebied word. Die bereiking van toegepaste bevoegdheid van hierdie kwalifikasie sal getoon word as die leerder bedryfskennis en -vaardighede kan toepas om binne 'n gegewe sekuriteitsomgewing op te tree. Daar moet bewys

gelewer word dat die leerder ten tyde van die toekenning van die kwalifikasie die doel van die kwalifikasie as geheel kan bereik. Integrasie van vaardighede sal deur bereiking van die kerneenheidstandaarde getoon word.

NKR-vlak: 3

Krediete: 124

TEIKENGROEP

Hierdie kwalifikasie is 'n toetreevlakkwalifikasie en erken die sleutelbevoegdhede wat vereis word van sekuriteitspersoneel wat in 'n verskeidenheid sekuriteitskontekste kan werk. Hierdie kwalifikasie is vir individue wat tot die sekuriteitsbedryf wil toetree en ontwikkel bevoegdhede in standaardsekuriteitspraktyke soos toegang- en uitgangbeheer, sekuriteitsreaksie en patrollies, batebeskerming en sigbare sekuriteitsoperasies.

VOORDELE

Leerders sal hoofsaaklik in die sekuriteitsektor optree, in 'n verskeidenheid kontekste, insluitende landelik, stedelik, korporatief, batebeskerming, huise en sakeondernemings. Die kwalifikasie sal die leerder voorsien van die bevoegdhede wat nodig is om 'n verskeidenheid sekuriteitsverwante prosesse en praktyke op toetreevlak te onderneem. Hierdie kwalifikasie behels dat die persone wat in die sekuriteitsomgewing werksaam is, die nodige kennis, vaardighede en ingesteldhede sal kan beoefen om op 'n professionele wyse op te tree. Die kwalifikasie sal ook hulle loopbaangeleenthede in die sekuriteitsomgewing verbeter.
Hierdie kwalifikasie is die eerste in 'n leerbaan vir die sekuriteitsektor. Ná voltooiing van hierdie kwalifikasie sal leerders in staat wees om tot verskeie sekuriteitsdissiplines te vorder, soos elektroniese sekuriteit of persoonlike beskermingsekuriteit. Wanneer leerders hierdie kwalifikasie voltooi het, sal hulle met hoër kwalifikasies binne die leerbaan kan voortgaan en sal hulle kan kies uit gespesialiseerde velde soos hondehantering, bates-in-transito-bedrywighede, vuurwapenspesialisasies, ens.

KOSTE

Spesiale aanbieding: R4500 + BTW (per module)

Hierdie kursus bestaan uit 3 modules.
Indien jy in die volle kursus belangstel, beloop die koste:

Lede van die publiek: R17 000,00 + 15% BTW = R19 550,00

AfriForum-buurtwaglede: R12 750,00 + 15% BTW= R14 662,50

25%-afslag vir AfriForum-buurtwaglede

KONTAK ONS:

E-posadres: **opleiding@forumsekuriteit.co.za**

FORUM
SEKURITEIT